NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 14
12 Mei 2022

# Die vloede in KwaZulu-Natal

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**’n Mens beleef baie dinge in ’n leeftyd. Sommige is goed en bring mooi herinneringe. Ander is gebeurtenisse wat jy liefs wil vergeet.**

Ek het al verskeie natuurrampe beleef. Vuur, erge wind. Droogtes, en ek het ook al baie reën beleef. Ek onthou uit my skooldae hoe ek eendag saam met my pa na ’n lidmaat in die gemeente se plaas gery het. Dit was in die vroeë 1980’s en die droogte was al vir drie jaar woes erg in die Wes-Transvaal. In die tweespoorpaadjie op pad na die plaashuis sien ons oom Jurie langs die lande staan. Pa trek af. *En nou, oom Jurie! As jy so na die mielies staan en kyk!* Oom Jurie draai stadig om: *Onste genade, Dominee, as dit nie oor ’n halfuur reën nie, is dit te laat!* In sulke tye van ellende besef jy maar net weer hoe afhanklik jy van God se genade is.

Dit klink vreemd om te dink dat daar mooi én hartseer stories is om te vertel wanneer ’n ramp jou tref. Tog is dit waar. Die onlangse baie reën in KwaZulu-Natal het ongekende skade berokken – aan families se kosbaarhede, infrastruktuur en menslike hulpbronne. ’n Wolkbreuk duur ongeveer ’n halfuur na ’n uur. Verbeel jou ’n wolkbreuk vir vier dae aanmekaar! Die bevoorregtes in huise het redelik skotvry afgekom, maar ook nie almal nie. ’n NG kollega moes toekyk hoe sy buurman se swembad deur sy lapa en kuierplek bars. Nie net die water van die swembad nie, die hele swembad het saam met die grond waarin dit was afdraande koers gekies na sy huis!

Dis egter die minderbevoorregtes wat die baie water die ergste ervaar het. Jy hoor verhale van ’n gesin van 11 mense, groot en klein, wat saam met hul huis weggespoel het. Twee het oorleef. ’n Ouma het saam met haar vyf kleinkinders te laat wakker geskrik toe die vloed hul huisie saamvat. Almal is nog nie gevind nie. Dis die slegte kant.


Die mooi storie is dat die mens se ware hart en aard ook na vore kom in sulke tye. Hulp is van oral aangebied. Oorvloed van alles – oproepe, gebede, items soos komberse, klere, skoon water en kos. Gemeentes en instansies spring in en begin help in hul onmiddellike omgewing. Huisvesting word in motorhuise en onder afdakke verskaf. Planne word gemaak om die trauma darem net ietwat te verlig. Dis die mooi van die hart van die mens.

Die ring van Pietermaritzburg het onlangs op inisiatief van Gemeente Dolfynkus betrokke geraak by Tent City, net buitekant Margate. Dit is ’n vesting vir haweloses, op ’n boer se plaas. Mense met wie die lewe gebeur het, bly in tentjies – tweeman, vyfman en ook ’n bietjie groter. Vandaar die naam Tent City. Hulle moet in baie opsigte vir hulself voorsien. Hulle verbou groente en vrugte, maak self kos, maak skoon en hou self in stand. Maar die son het met tyd die tentjies bros gemaak en toe die groot reën kom, het die gewig van die aanhoudende reën die tentjies geskeur. Dit was chaos in oortreffende trap. Niks was droog nie... nie eens die gemoed nie.

Met ons Tent City-projek beoog ons om elke tentjie te vervang met goedkoop behuising in die vorm van óf skeepshouers óf houthuisies (*wendy homes*). Ons het begin onderhandel met die Motsepe Foundation en die ADV vir skenkings. Die ADV het al R50 000 beskikbaar gestel vir onmiddellike hulpverlening. Gemeentes wat van die projek bewus geraak het, het ook donasies begin gee. Vir elke donasie is ons werklik dankbaar. Die projek vorder mooi. Stadig, want ons wil die dinge die eerste keer reg doen, maar dit vorder. Een van die dae sal Tent City spog met beter huisvesting as tentjies waarin die mense darem meer bestand sal wees teen erge reën en wind.

**Ds Dawie Jacobs, Dolfynkus/Durban-Suid**

## Lief en leed



Oom Andries Steyn

- **Oom Andries Steyn** (88) van Gemeente Bronkhorstspruit is Dinsdagmiddag 3 Mei oorlede. Hy was lank siek en het skielik vinnig verswak. Oom Andries was vir meer as twee dekades skriba van die gemeente, en het vir meer as 60 jaar waardevolle diens in die NHKA gelewer as skriba in verskeie gemeentes en ook in verskillende ringskommissies. Hy het as ouderling vele AKV's bygewoon en het verskeie termyne gedien as lid van die Kommissie van die AKV. Sy diens vind plaas op Saterdag 14 Mei om 11:00 vanuit Gemeente Bronkhorstspruit. Ons innige simpatie gaan aan sy familie.

- **Die volgende predikante verjaar tot 20 Mei, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 13 Mei: Prof E (Ernest) van Eck (62) (UP),<br>drr GC (Gerhard) Lindeque (61) (Bybelgenootskap) en<br>JJ (Koos) Prinsloo (76) (emeritus)
  - Saterdag 14 Mei: Di WJJ (Willem) Kok (62) (Potchefstroom) en<br>PJ (Pieter) Uys (65) (siekte-emeritaat)
  - Maandag 16 Mei: Di EM (Liza) Jansen (33) (Witbank-Suid) en<br>AC (André) Swanepoel (43) (Derde Kruis)
  - Woensdag 18 Mei: Ds MS (Marissa) Kidson (39) (Pretoria-Wes)
  - Vrydag 20 Mei: Dr PJ (Piet) van Zyl (65) (emeritus),<br>di HJ (Hendrik) Odendaal (66) (emeritus) en<br>T (Theuns) Snyman (81) (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- **Oudl A (Bertus) van Gijssel** het as kerkraadslid van **Gemeente Vanderbijlpark-Oos** bedank en is nie meer die skriba, skriba vir registrasie, en sekretaris van die Werkgroep Finansies nie. Die gemeentekantoor se e-posadres is tans ook nie meer in werking nie. Enige korrespondensie wat die gemeente of kerkraad raak, moet gestuur word aan ds Rudi Rust by **Rudolph.rust@me.com**.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Kuruman-kombinasie.** Die gemeente wag aansoeke in van gelegitimeerde predikante van die NHKA.

  **Gemeenteprofiel:** Die Kuruman-kombinasie bestaan uit gemeentes Kathu, Postmasburg en Kuruman.

  **Posbeskrywing:** Voltydse werkruimte met voldoening aan alle vereistes van die amp soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal, met inagneming van die skale (1 tot 7 jaar) volgens riglyne van die Kerkorde, onderhandel word. Huisvesting is onderhandelbaar. 'n Pastorie is wel beskikbaar.

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

  **Aansoeke: Die sluitingsdatum is 12 Mei 2022.** Aansoeke word gestuur aan oudl CH Schmulling (**buna@vodamail.co.za**).

  **Vrywaring:** Die kerkraad behou hom die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie en die pos weer te adverteer.

  **Navrae:** Vir enige navrae, kontak oudl CH Schmulling (Buna) by 082 463 8367.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Groot Marico.** Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die NHKA in die traktementskaal 4-6 jaar word ingewag vir die vul van die vakante werkruimte te Groot Marico, ring van Zeerust.

  **Gemeenteprofiel:** Groot Marico is 'n plattelandse gemeente sedert 1923. Die grootste deel van die gemeente is 'n boerderygemeenskap. Die gemeente het 'n bestaande funksionele

kerkgebou, saal, kategeselokale en 'n netjiese pastorie, ongeveer 2 km vanaf die kerk op 'n plaas. Die ledetal is ongeveer 262, waarvan 42 nie-belydend is. 100 van hierdie lidmate is pensioenarisse. Die naaste skole is ongeveer 40 km vanaf Groot Marico.

**Gemeente se verwagtinge:** Die suksesvolle kandidaat sal die gemeente lei en steun in die uitvoering van die gemeente se visie *Saam vorentoe in geloof*, deur onder andere deurleefde Woordverkondiging, deur die gemeente en die gemeenskap te motiveer om as een liggaam te funksioneer, met pastorale versorging van lidmate, deur die kerkraad te lei in die uitvoer van die gevestigde bedieningsplan vir die gemeente, deur sinvolle kategese en jeugprogramme aan te bied, fondsinsamelingsprojekte te ondersteun en die betrokke komitees aan te spoor tot sukses.

**Versorgingsvoordele:** Die versorgingsvoordele behels volle versorging en 'n totale-koste-tot-gemeente-pakket in lyn met kerkskale, na gelang van ervaring.

**Aansoeke:** Indien u wil aansoek doen, stuur 'n volledige curriculum vitae, vergesel van 'n brief waarin gemotiveer word waarom u uself as geskik beskou, per e-pos na die onderstaande adres. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Mei 2022**. Stuur aansoeke na **bloekomsrus@vodamail.co.za**. Vir navrae, kontak die skriba, Ria Pretorius, by 082 944 0210.

**Vrywaring:** Die kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het vir die vul van die werkruimte nie.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Seestergemeente Brackenhurst.** Die gemeente beskik vanaf 1 Mei 2022 oor 'n voltydse werkruimte vir 'n predikant. Seester Brackenhurst is 'n voorstedelike gemeente en omvat die woonbuurte Brackenhurst, Brackendal, Brackendowns, Meyersdal, Mayberrypark en Albertsdal. Daar is tans 482 lidmate, waarvan 372 belydend is.

  Aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige CV en 'n persoonlike profiel. Die kerkraad behou die reg voor om die kortlys vir onderhoude na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot. Gekeurde aansoekers sal ná die sluitingsdatum genooi word vir onderhoude. Die kerkraad behou die reg voor om, indien daar geen geskikte kandidate is nie, weer die pos te adverteer.

  Die vergoeding is volgens die Kerk se riglyne, en 'n gedetailleerde pakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

  **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Mei 2022.** Stuur asseblief u aansoek aan mev Nadia Oosthuizen by **nhkbrack@ananzi.co.za**. Navrae kan gerig word aan oudl Gerhard van Niekerk by 082 461 2428.

- **Gemeente Newlands (Johannesburg)** beskik oor 'n **vakante orrelistepos** en is op soek na die dienste van 'n dinamiese orrelis. Die gemeente se orrel is 'n uitstekende instrument – om die orrel in aksie te sien, volg gerus hierdie skakel:
  **https://www.facebook.com/NHKNewlands123/videos/297136898270144**

  Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste, sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. VONKK-liedere is baie geliefd in die gemeente.

  Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, Paul Jansen, by **newlandsgemeente.skriba@gmail.com**.

## Vergaderings

- Donderdag 12 Mei: ADV Dagbestuur
- Vrydag 13 Mei: TOIBO Ledevergadering
- Dinsdag 17 Mei: Rata Finkom<br>Kuratorium

- Donderdag 19 Mei: ADV-webinaar: Kinderbeskerming
- Vrydag 20 Mei: Raad van Finansies

## Bybelgenootskap



Ds Dirk Gevers

- **Ds Dirk Gevers**, uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA), is as die **nuwe direkteur-generaal van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe** (WBG) aangewys. Die WBG is 'n wêreldwye netwerk van Bybelgenootskappe wat in meer as 240 lande en gebiede werk. Hy is die eerste ampsdraer van 'n Bybelgenootskap in Afrika om hierdie rol te beklee. Ds Gevers het in 2007 sy loopbaan by die BSA begin en is vir die afgelope sewe jaar die uitvoerende hoof. *Ons sien duidelik die werk van God se hand in hierdie aanstelling en daar word met verwagting uitgesien na hoe Dirk die organisasie verder gaan ontwikkel en laat groei,* het die voorsitter van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se Wêreldraad, Elaine Duncan, gesê. *Dirk is 'n wyse, gerespekteerde en ervare leier. Hy is passievol oor die Bybelmissie én om te sien hoe die Bybel mense se verhouding met God verdiep wat tot lewensverandering lei. Sy omgeehart getuig van 'n diepgaande liefde tot God en sy medemens.*

  Dr Paul du Plessis, voorsitter van die BSA se Raad van Direkteure, het so op die nuus gereageer: *Ons het gemengde gevoelens. Ons wil ds Gevers gelukwens met hierdie nuwe pos en uitdaging in sy lewe. Ons vertrou dit is deel van God se plan vir beide die WBG asook die BSA. Ons verlies is hulle wins. Ons bid dat die Here hom en sy vrou, Louise, met groot seën en vrug sal gebruik om die Woord regoor die wêreld te versprei.*

  Ds Gevers is opgewonde oor die nuwe uitdaging. *Ek is hartseer om van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika afskeid te neem, maar dankbaar vir die vormende rol wat dit gespeel het om my te help om die Bybelgenootskapmissie te verstaan.*

  Die BSA se Raad van Direkteure sal eersdaags die aanstelling van 'n nuwe uitvoerende hoof bespreek.

- **Comrades 2022: Hardloop vir Bybels**
  Van hoop tot aksie: Maak 'n verskil
  Kontak Marina vir meer inligting
  011 970 4010
  **stebbing@biblesociety.co.za**

## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Toerusting

- In *Beeld* van Vrydag 6 Mei het 'n onderhoud verskyn wat Murray La Vita met **prof Andries van Aarde** gevoer het, onder die opskrif "Aktivis vir deernis en geregtigheid". Die Zoom-onderhoud het plaasgevind teen die agtergrond van die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys vir teologiese boeke in 'n amptelike taal van Suid-Afrika wat onlangs aan prof Van Aarde toegeken is vir sy twee-volume-werk, *Jesus, Paul and Matthew*. Lesers wat toegang het tot Netwerk24 kan die onderhoud gerus daar lees, of 'n e-pos stuur aan die Kerk se inligtingsbeampte, mnr Louwrens Pretorius, by **data@nhk.co.za**, sodat hy 'n pdf-weergawe van die teks aan hulle kan stuur.

- In *Beeld* van Saterdag 7 Mei het 'n teks verskyn van **prof Tanya van Wyk**, onder die opskrif "'n Woord vir wie ek is". Dit handel oor die beperkende en/of verruimende betekenisse van persoonlike voornaamwoorde. Lesers wat nie toegang het tot Netwerk24 nie en die artikel wil lees, kan ook 'n e-pos stuur aan mnr Louwrens Pretorius, sodat hy 'n pdf-weergawe daarvan aan hulle kan stuur.

- **NWU Fakulteit Teologie: Jeugbediening**
  **Vrydag 13 Mei**
  14:00-15:00 Lesing deur prof Malan Nel
  15:15-16:15 Bespreking
  Navrae: **hannelie.yates@nwu.ac.za**

- **Die Dameskring** is 'n Christelike organisasie wat die belangrikheid van **kerngesonde gesinne** verstaan. Die beste manier om te begin bou aan gesonde gesinne, is op ons knieë. Daarom het hulle in 2019 die **Nasionale Biddag vir Gesinne** uitgeroep. Hulle vra dat ons op **15 Mei** sal kniel vir ons eie gesinne, vir die herstel van gesinswaardes, en vir gebroke gesinne, en dat daar heling sal kom. **'n Diens word om 10:30 by die Kapel by die Voortrekkermonument gehou.** Kontak Karien Snyman in die Dameskringkantoor by 012 301 1761 of 079 515 0873 of stuur 'n e-pos na **admin@dameskring.co.za** vir meer inligting. Daar is plek vir 70 persone. Voltooi die vorm by **https://rb.gy/lbz9xe** indien jy die geleentheid gaan bywoon.

## Drie-dag-kursus om CRM-begeleier te word

### Kweek veerkragtigheid in 'n getraumatiseerde gemeenskap

- Die *Community Resiliency Model* (CRM)
- Dr Barabara Wade
- 23-25 Mei 2022, 09:00-13:30 elke dag
- Raadsaal van Gemeente Philadelphia
- R1 000 per persoon, ligte verversings ingesluit
- Bring notaboek en pen
- Navrae: Clarika Hattingh clarikah@nhk.co.za

**Inbetaling:**
Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekeningnommer 020 149 752, takkode 632 005
Verwysing: HTK CRM + naam    Bewys van betaling na clarikah@nhk.co.za

Maar 'n takkie sal spruit uit die stomp van Isai,
en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra (Jes 11: 1)

- Staan u dikwels voor 'n getraumatiseerde lidmaat
  en wens u weet hoe om werklik van hulp te wees?
  Kom woon 'n **TIR-werkwinkel** (*Traumatic Incident Reduction*) by
  en kom leer iets van Jesaja 50:4 –
  *Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik*
  *sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat.*
  *Elke môre laat Hy my opnuut weer luister...*
  **Datum:** 6-9 Junie 2022
  **Plek:** Pretoria
  **Koste:** R5 000
  Besoek **yvonneretief.weebly.com**
  of kontak Yvonne by **retief.yvonne@gmail.com**

- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor 'n periode van ses weke aan. Dit sal via Zoom plaasvind, daagliks van 09:00 tot 11:00, en wel op die volgende datums:

  - Die herontdekking van God se missie: 28 Julie
  - Die herontdekking van missionaliteit in 'n veranderende wêreld: 4 Augustus
  - Die herontdekking van die missionale aard van die gemeente: 11 Augustus
  - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
  - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus
  - Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

Join Zoom Meeting
**https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
Meeting ID: 942 768 9935
Passcode: SGB

Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**.

## ’n Gedig

**Basrarietsanger**
*Acrocephalus griseldis*

In die ruigtes van die Sjat-el-Arab
waar die Tigris en die Eufraat uitmond
en die diktator in die noordweste
se skel woorde op die aandwindjie sweef,
binne sig van die hawestad Basra
omsoom met die soetste dadelpalms
en iets, iets van die mooi tuine van ouds,
sing jy ’n ou-ou deuntjie van vrede
reeds ’n duisend en een dae aaneen.

Irak 2003

**Johann Lodewyk Marais**
(Uit: *Diorama*, 2010)

## Fondsinsamelings

- **Rata se Gholfdag 23 Augustus 2022 ten bate van Kinderbeskerming.** Rata Maatskaplike Dienste is gebore uit die NHKA en werk deur die jare onverpoos voort om kinders uit haglike omstandighede te red en aan hulle die nodige beskerming en statutêre dienste te bied, asook om die moeisame pad na heelwording saam met hulle te stap. Die koste beloop ongeveer R10 000 per jaar per kind. Oor die tydperk van 2020-2021 is meer as 1 600 kinders uit omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel verwyder. Ten einde broodnodige fondse aan te vul, hou die Rata-hoofkantoor ’n jaarlikse Gholfdag, hierdie jaar op **23 Augustus by Silver Lakes Country Club** – hul agtste Gholfdag. Rata vra vir ondersteuning in die vorm van vierbalinskrywings, borgskappe en pryse. Enige hulp word opreg waardeer. Begroot solank nou, kry jul spanne bymekaar en gaan loer na die wit olifante wat as pryse kan dien. Dink ook asseblief aan kennisse en kontakte wat mag belangstel om hande te neem met ons en kinderbeskerming te ondersteun. Inskrywingsvorms, borgskapvorms en meer inligting kan aangevra word van Annelle by **info@rata.org.za** of 064 437 5997.



## Barmhartigheid

- **VAKATURE: Sekretaresse by Rata Maatskaplike Dienste in Capital Park.** Rata in Pretoria lewer hoofsaaklik kinderbeskermingsdienste, is betrokke by gemeenskapsprojekte, en gee materiële bystand aan die mees weerlose mense in ons gemeenskap.

  **Minimumvereistes:** Geldige bestuurslisensie. Minimum van twee jaar ervaring in ’n administratiewe rol wat kleinkas, tikwerk en ’n hoë vlak van verbale en geskrewe kommunikasie insluit in beide Afrikaans en Engels, om ons personeel en kliënte te ondersteun. Rekenaarvaardigheid in Excel, MSWord en Outlook, en die vermoë om ’n interne kliëntebasisprogram aan te leer.

  **Verdere vereistes:** Die vaardighede om onder druk te werk; kalm te bly in moeilike situasies; te beplan en organiseer; statistieke te verwerk en akkurate verslae te lewer; inisiatief te neem en probleme op te los; en te werk in ’n omgewing wat streng vertroulikheid vereis.

  Voltooi aansoekvorm by **www.rata.org.za/careers**. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 18 Mei 2022.**

- **Bejaardesorg.** Geen groot byeenkomste word vir vanjaar vir **Tooi Turkoois** beplan nie. **Die veldtog loop van 15 Mei tot 15 Junie.** Die ADV fokus vanjaar op die **Word Warm-projek** en die **opleiding van tuisversorgers**. Bring items wat die winterkoue vir ’n ouer persoon sal verdryf, op 15 Mei kerk toe vir uitdeel op 18 Mei in die gemeenskap of by ’n bejaardesorgsentrum. ’n Belangrike beginsel is dat ons mense se menswaardigheid wil erken, en nie net ons oorskiet- en weggooiklere gaan aflaai nie. ’n Goeie maatstaf is **of jy dit self sou dra of eet**. Ons gee dit immers in die eerste plek as ’n genadegawe aan God – die Ou Testamentiese beginsel van die eerstelinge uit jou kudde, die beste wat jy het. Die ADV het ook die beginsel aanvaar om ringe en gemeentes te versoek om ’n **persoon te stuur vir opleiding of om ’n persoon te borg** wat die opleiding wil ondergaan. Benewens die feit dat die ADV so die gehalte van ons ouer persone se versorging wil verbeter in ons gemeentes en gemeenskappe, help hulle ook met werkskepping. Die **ring van Pretoria** het reeds aangedui dat hulle ’n persoon sal stuur vir opleiding.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 13 teen R465 400. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir vrede

Hemelse Vader,
u kinders leef in vrees en angs.
Vrees vir hul lewens.
Vrees oor hul familie en geliefdes.
Vrees oor die toekoms.
Heer, ons vra dat U sal ingryp
en al die vrees in ons harte sal blus.
Bring 'n einde aan die verskrikking en geweld in die wêreld
en vul ons harte met vrede.
Skep deernis en begrip tussen ons
en laat vrede en eensgesindheid oor ons heers.
Laat die geweldenaars hul wapens neerlê
en begin om die swakkes en weerloses te beskerm.
Ons vra dit in Jesus se Naam.
Amen.

thegracefulchapter.com/prayers-in-times-of-war-and-violence/

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds Willem Sauer |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |